View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# DIE KERK EN DIE ISLAM IN AFRIKA

## Historiese agtergrond.

Die koms van die Islam na Afrika het die posisie van die Christelike kerk radikaal verander en tot vandag toe 'n byna onoorkomelike versperring in groot dele van Afrika opgewerp.

Op daardie véraf dag in die jaar 640 toe die Arabiese magte onder hulle groot veldheer Amr Ibn-Al-As die Nyldal binnegeval het, het min mense besef dat een van die beslissende ure van die geskiedenis aangebreek het. Was hierdie Arabiere dan nie maar 'n versameling amperse nomades wat daar in die Hédaj, die hoogland van Arabië begin beweeg het nie? Hul het weliswaar Sirië en Palestina oorrompel en Jerusalem en Damaskus, die ou Christelike stede, beset. Maar nou (640 n.C.) agtien jaar na die *hejira*, die geboortejaar van die Islam toe die profeet Mohammed van Mekka na Medina gevlug het en agt jaar na die dood van Mohammed, ruk hierdie leër oor die grense van Klein-Asië. Die Nyldal en Afrika lê op hulle pad. Kalief Omar, die opvolger van Mohammed, was self bekommerd en daarom het hy 'n boodskapper agter sy groot generaal aangestuur met die opdrag om om te draai as hy nog nie in Egipte is nie. Indien hy wel reeds die grens oor is, moes hy onder die seën van Allah sy operasies voortsit.

Die boodskapper het hom wel duskant die Nyl ingehaal en die brief met die Kalief se opdrag aan hom oorhandig. Maar Amr Ibn-Al-As, bevrees dat dié brief 'n opdrag kon bevat dat hy moet terugkeer, het dit nie oopgeskeur voordat hy vér in die Egiptiese woestyn was nie. En so is die geskiedenis van die wêreld verander, want binne twee jaar het sy leërs die hele Egipte besit. Memphis en Alexandrië sowel as die ander ou stede rondom die Nyldal het hom ten prooi geval. In werklikheid was die Bisantynse bewind in Egipte só onwelkom en ook die „groot" of Katolieke Kerk onder die Egiptiese Monofisiete, dat die Arabiere in baie plekke as bevryders verwelkom is.

Na die snelle ineenstorting van Egipte is steeds groter Arabiese magte aangevoer uit Klein-Asië en verkenningsstrooptogte is uitgestuur in die rigting van Numidië, die „westelike woestyn" van die Tweede Wêreldoorlog. Die Arabiese magte was Moslems, want hulle is deels gedryf deur Arabiese nasionalisme maar veral deur hul geloof dat Mohammed die pro-

feet, die *groot* profeet, groter as Moses, Noag of Jesus, was. Toe hulle ontdek dat Numidië nog minder weerstand as Egipte bied, het hulle strooptogte in veldtogte verander. Hulle het begin droom van die *Maghreb*, die „Weste" wat verower moes word. Die „Weste" was die Noord-Afrika van die Romeine, die hedendaagse Tunisië, Algerië en verder weswaarts tot aan die Atlantiese kus. Maar tussen die Weste en Egipte was lang onherbergsame gebiede. Toe die opmars egter eenmaal begin is, het dit onverpoosd voortgegaan totdat die Atlantiese kus in 681 bereik is. Toe die generaal Uqbah Ibu Nafi die Atlantiese kus voor hom sien uitstrek, het hy met sy perd tot in die golwe gery, sy swaard in die lug opgegooi en uitgeroep: „God van Mohammed! As ek sou weet dat daar 'n land anderkant hierdie waters is, sou ek daarheen gaan en die glorie van U Naam ook daarheen dra!" Die Arabiese ryk het nou, dertien eeue voor Abdoel Nasser, reeds gestrek van die Persiese golf tot aan die Atlantiese kus. Dit sou verder gevoer word tot in die hart van Europa. Eers val Karthago in 697, eens verbind aan Hannibal en Scipio en later aan Augustinus en die vroeë kerk, en toe lei die Berber Tarik die Islamitiese leërs in 715 oor Gibraltar (wat sy naam dra) en sewentien jaar later eers, nadat Spanje ook geval het, verslaan Karel Martel die Islamitiese leërs in 732 by Tours in Frankryk agter die Pireneë. Ook dit was een van die beslissende slae in die geskiedenis, want nadat Attila die Hun in die vyfde eeu op die Ryn verslaan is, was hierdie die volgende groot Asiatiese bedreiging wat op die hart van Europa gemik is.

Die bedreiging van die Islam is vir Europa hier afgeweer, en dis eers in die eeu van die Kerkhervorming dat die Turkse Moslems Europa weer radikaal bedreig uit die agterkant van Europa en selfs Wene beleër.

Die geskrifte van Martin Luther is vol verwysings na hierdie Turkse bedreiging. Maar weer eens slaag Europa net daarin om die Asiaat te stuit. Indirek het die Moslemse bedreiging die aandag van die Keiser en die Pous so opgeëis dat die Lutherse Hervorming asemhaal-kans gekry het om hom te vestig. Toe keiser Karel V sy aandag van die Turke kon afkeer na hul teruggewerp is op die vlaktes van Wene, was dit te laat om die Lutherse Hervorming te stuit.

Waaraan was die verbasende sukses van die groot opmars van die Islam oor Egipte en Noord-Afrika te wyte? Deels natuurlik moet dit verklaar word uit die groot mags-

lugleegte wat ontwikkel het tussen die Persiese en Romeinse Ryke. In hierdie lugleegte in het die Arabiese leërs beweeg maar daar was ook baie ander redes. In Egipte sowel as in die Provinsie Afrika was daar sterk politieke spanning en verset teen die Ryk. Sake is vererger toe tydens die opmars van die Islam die Christene van Europese afkoms in die meeste gevalle uit Noord-Afrika op Sisilië en Italië teruggeval het! Die inheemse Christene het die spits moes afbyt en was in baie gevalle leierloos. Die passiewe en mistieke atmosfeer wat die kerk in Noord-Afrika destyds gekenmerk het, het waarskynlik ook sy weerstand teen die nuwe vyand verswak.

Oor die verdere vraag of die Noord-Afrikaanse kerk verdwyn het eerstens omdat dit geen sendingwerk gedoen het nie, bestaan sterk meningsverskil. Ek dink ons moet ten minste versigtig wees om nie hieroor te dogmaties te wees nie. Dit was baie waarskynlik 'n bydraende faktor.

Onderlinge verdeeldheid het beslis 'n tragiese rol gespeel. Daar was natuurlik vir 'n lang tyd vóór die aanslag van die Islam, groot innerlike verdeeldheid op teologiese gebied, veral ten gevolge van die opkoms en wegbreking van die monofisitisme in Egipte (na Chalcedon) en veral die Donatisme in Noord-Afrika. Laasgenoemde skeurbeweging het eintlik bly voortleef totdat die hele kerk deur die Islam verswelg is. Baie faktore het meegewerk om die verswelging byna kompleet te maak. Eerstens was daar die militêre oormag van die Islam wat oor duisende myle 'n soliede Moslemse blok geskep het. 'n Mate van „bekering" deur die swaard het wel plaasgevind. Baie ander half-gekerstendes het uit die byna onverklaarbare en fantastiese sukses van die leërs van die Islam gekonkludeer dat God met die nuwe godsdiens is en self oorgegaan. Daarnaas het baie „kontinentale" Christene soos reeds gemeld na Italië en Sisilië gevlug. Swaar belastings en vry ernstige beperkings is op die Christene en Christelike gemeenskappe deur die Islam gelê. Niks is toegelaat om in die lig van die Islam te staan nie! Christene is verbied om by die leër aan te sluit en dan belas *omdat* hulle nie militêre diens verrig nie! Tog is die gewone beeld dat Islam die kerk in Noord-Afrika met die swaard „uitgeroei" het, erg oordrewe. Die Christelike gemeenskappe het selfs dikwels 'n redelike mate van beskerming geniet. Toe op 'n sekere stadium diep in die negende eeu nog net twee biskoppe in Noord-Afrika oor was en 'n derde nodig was vir die verkiesing van 'n aartsbis-

kop, het die Islamitiese owerhede selfs verlof verleen dat die derde biskop uit Italië betrek word om so die verkiesing van 'n aartsbiskop moontlik te maak.

Wat egter wel 'n faktor van beslissende betekenis was, is die feit dat deur die Moslemse gordel van Egipte na Gibraltar die Christen-gemeenskappe van Afrika byna absoluut geïsoleer en totaal afgesny is van die res van die Christenwêreld. So het die kerk eerder stadig deur isolasie en versmoring as deur gewelddadige uitroeiing gesterf.

In Egipte, waar die ou Koptiese Kerk eens 'n aansienlike persentasie van die bevolking behels het, is die Christelike gemeenskap vandag teruggedring tot 'n skamele een miljoen. Dit voel vir die reisiger byna asof die oorgeblewe Christene wegskuil agter die ou-ou kerkies in Alexandrië, Kairo en die Nyldal. Van groei is daar eintlik geen sprake nie. Die Christelike gemeenskap is eerder soos 'n graspol wat vaskleef in die omringende en wyer wordende woestyn... Hier in Noord-Afrika, waar die groot kerk van Origenes, Tertullianus, Cyprianus en die grote Augustinus self was, lê die see van die Islam vandag wyd en haas ongebroke oor 'n afstand van duisende myle.

Soos klein eilandjies lê die Christelike gemeenskappies en sendingposte tussenin. Alleen in die hoë Ethiopiese bergland is daar nog 'n groot Christelike gemeenskap wat twaalfhonderd jaar die aanslae van die Islam afgeweer het, maar selfs hierdie ou kerk wat dagteken uit die jaar 325 is eeue lank so van die hoofstrome van die Christendom afgesny en só op die verdediging geplaas, dat dit letterlik versteen het en self uit die diepte sal moet herleef en hervorm word om as 'n effektiewe Christelike mag bruikbaar te word in die stryd om Afrika. Maar hier in Ethiopië is veel van die ou kerk van Afrika bewaar.

In die historiese Axum (volgens Ethiopiese oorlewering die oerstad van die koningin van Skeba waar die „ark van die verbond" ook nog bewaar sou word), in die ou kloosters in die eertydse Eritrea of om die Tanameer waar die Blounyl ontspring of te Lalibela in Midde-Ethiopië waar die duisend jaar oue kerke geheel uit die sandsteenberge gekap, nog bestaan, leef nog iets voort van die glorieryke geskiedenis en stryd van hierdie ou kerk. Maar selfs hier het die moskee op plekke diep ingedring en wissel die minarette en die torings mekaar af.

Dit het deels ook ten gevolge van Westerse hulp in die sestiende eeu gebeur. Tydens die regering van Hebna Dengel (1508—1540) het die lewe van die kerk in Ethiopië letterlik aan 'n dun draadjie gehang. Die een Moslemse aanslag na die ander is op hierdie bergland geloods. 'n Somali-hoofman, Ahmad Ibn Muhammad Gran het 'n volskaalse offensief op Ethiopië geloods, die ou keiserlike hoofstad Axum verower en baie Christelike kerke in puin gelê om die ou katedraalkerk van Axum. Hebna Dengel het by Christelike Portugal om hulp gesmeek terwyl meer en meer Ethiopiërs na die Islam oorgegaan het. Dit het gelyk asof die Islam finaal sou oorwin toe Portugal uiteindelik in 1541 'n goed toegeruste mag van 400 man onder Christopher da Gama, die seun van Vasco da Gama van Kaapse faam, gestuur het. Hoewel Da Gama in 1541 gesneuwel het is Ahmad Gran se magte teruggewerp en hyself in 1543 gedoop. Die kerk kon weer asemhaal en het weer baie verlore terrein herwin.

Die lot van die ou Christelike kerk in Nubië langs die bolope van die Nyl, nie ver van die huidige Khartoem nie, was minder gelukkig. Hier was 'n sterk en wydverspreide Christelike kerk 'n duisend jaar lank gevestig. Twee Christelike koninkryke het in Nubië bestaan, die Noordelike koninkryk van Makurra met sy hoofstad by Tongola naby die derde katarak op die Nyl en die Suidelike koninkryk in die omgewing van die hedendaagse Khartoem. Toe die Islam Egipte in die sewende eeu oorrompel, was albei hierdie koninkryke reeds gekersten en selfs in die dertiende eeu was daar baie Christelike kerke en kloosters. Die eerste Moslemse heerser van Makurra is in 1316 gekroon, maar selfs toe was die bevolking nog Christene. Van hierdie datum af moes daar onder Moslemse druk uit Egipte 'n sterk oorgang gewees het tot die Islam. In die suidelike koninkryk het die kerk nog langer stand gehou en in die sestiende eeu het die Christene daar nog hulp gevra van die Christen-koning van Ethiopië. Maar Ethiopië kon nie help nie en in die loop van die sewentiende eeu is die kerk daar waarskynlik verswelg. So val die duisternis oor nog 'n duisend myl van Afrika.

Alleen op die Ethiopiese hoogland kon die bevolking die Islam twaalf eeue lank weerstaan, en so het die kerk daar behalwe 'n hele kort periode tot vandag toe homself kon handhaaf, hoewel ook hierdie kerk t.g.v. isolasie erg versteen geraak het en byna ongeletterd geword het behalwe wat sy heel

boonste laag betref. Deur kontakte met die Libanon en ander kleiner Oosterse Christelike en later met Westerse gemeenskappe, het dit tog 'n geringe mate van sporadiese kontak na buite kon behou.

Die Islamitiese gordel om noordelike Afrika het egter die posisie op dié kontinent van die sewende en agtste eeu af radikaal verander. Reusagtige gebiede wat eens gekersten was, het vir die Christendom verlore gegaan en van die agtste tot die sestiende eeu was die kerk in Afrika 'n sterwende kerk. So sou eers in die negentiende eeu byvoorbeeld die bisdom van Carthago weer herstel word nadat baie Franse immigrante hulle in dié gebiede gevestig het en die „Wit Vaders" van die Roomse Kerk van dáár uit belangrike nuwe werk in Noord-Afrika begin het. (Op die oomblik lyk dit asof die Moslems weer eens totaal oorneem).

In werklikheid het die Islam met die verloop van eeue diep in Afrika ingedring. Op verskeie punte staan die Islam se speerpunte digby die ewenaar. Moslemse gemeenskappe bestaan op baie punte suid van die ewenaar veral t.g.v. immigrasie uit die eertydse Indië. In Wes-Afrika het die voorpunt van die *soliede* Moslemse blok uit Noord-Afrika sover suidwaarts gereik tot suid van Kano in Nigerië, en daar is groot druk deur die Moslemse Fulanies en die Hausas op die heidense bevolkings wat hulle omring. Kano, Timbuktu, Casablanca, is almal name wat aan hierdie wydverspreidheid van die Islam in Wes-Afrika herinner. Die Islam het hom só in Afrika ingegrawe en middelpunte van geleerdheid ingerig vanwaar hul invloed uitgedra is. So moet ons die merkwaardige feit noem dat die drie oudste bestaande universiteite op aarde al drie in Afrika is en al drie deur Moslems gestig is, te wete die te Kairo (Al-Azhar 970 A.D.), Frez (Marokko) 732 A.D. en Al-Qurawuyan (Marokko) 859 A.D.

Ook Timbuktu was in die Middeleeue reeds 'n belangrike middelpunt van Moslemse geleerdheid en omdat dit in Swart Afrika was, van groot betekenis vir die verspreiding van die Islam in dié gebiede.

Met die veroweringstogte en verspreiding van die Islam in Afrika soos bo uiteengesit, het die geskiedenis van die vroeë kerk in Afrika ten einde geloop. Alleen reste bly oor wat, soos ons reeds aangedui het, behalwe in die geval van Ethiopië en die steeds minderwordende Kopte van Egipte, nie lank kan stand hou nie en alle kontak met die Christendom van Europa

verloor. Albei hierdie groepe is natuurlik ook monofisities en het om teologiese redes vroeg reeds min gemeenskap met die „Groot Kerk", met Rome as Westerse middelpunt, gehad.

Maar met die aanbreek van dit agtste eeu kan ons tereg sê, het agthonderd jaar van duisternis oor Afrika toegesak wat die verdere verspreiding en in groot mate selfs die voortbestaan van die Christendom betref.

Dit is eers van die vyftiende eeu af en veral die sestiende, nadat die seeweg om Afrika ontdek is en veral in die agtiende, negentiende en twintigste eeue dat die Christelike kerk op 'n reuseskaal terugkeer tot Afrika.

**Die Islam in Afrika vandag.**

Maar ten spyte van die terugkeer van die Christendom tot Afrika en veral tot Afrika suid van die Sahara, bly die Islam gedug. Dit het groot dele van Afrika teen die Evangelie afgemuur en dit beleef t.g.v. kulturele en veral politieke beweginge vandag 'n nuwe bloeityd in Afrika. Om egter die invloed van die Islam te besef, moet ons onthou dat die Islam haas die hele Klein-Asië, groot dele van Sentraal- en Suidoos-Asië (selfs Indonesië) beheer sowel as groot dele van Noord-Indië (Pakistan) en selfs miljoene volgelinge in Oos-Europa het in lande soos Albanië, Suid-Slawië, veral Macedonië, Bulgarye en Roemenië. Laasgenoemde groepe is nog reste van die groot Moslemse indringing in die vyftiende en vroegsestiende eeu na die val van Konstantinopel in 1453, wat die agterdeur van Europa vir hulle wyd oop gelaat het.

Die dorpies en stede van Macedonië byvoorbeeld lyk vandag nog baie soos dié van Noord-Afrika — moskees en minarette is oral te sien. Ek is onlangs nog op 'n reis langs die Sawarivier af van Belgrado na Skopje, wat nou deur die aardbewings in puin gelê is, getref deur die groot aantal moskees en minarette.

Die Moslems het dwarsoor Asië beweeg. Daar is groot getalle in China, en lande soos Turkestan in Sentraal-Asië is byna solied Moslem. Hulle het ook deur die bergpasse gedring wat Noord-Indië van Asië skei. Deur die Khyber en later die Karakorumpasse het Moslemse magte die „land van die vyf riviere", die Indusvallei keer op keer binnegedring en in die laat Middeleeue onder die groot Mogols, Akbar die Grote en sy opvolgers, 'n Moslemse bewind in Delhi, Agra en verder

suid gehad. (Van hul mooiste nalatenskappe op aarde staan vandag nog in Indië. Dink maar aan die Taj Mahal of Akbar se rooi sandsteenstad Fatepur Sikri. Die besondere Moslemse boustyl, die koepels en die minarette versier met mosaïek of verse uit die Koran wat ook vir dekoratiewe effek gebruik is, het 'n ryke skoonheidsoes nagelaat, al is dit soos in die geval van die Taj, die Qutab Minar of die praalgraf van Etmadud-dola, ook in Agra, nie as plekke van aanbidding gebruik nie).

Die 90 miljoen Moslems van Afrika staan met hul rug in die groter Moslemse wêreld van meer as 300 miljoen. Dit is ook interessant om daarop te let dat t.g.v. die Moslemse indringing in Afrika sewentig persent van alle Arabiere vandag in Afrika woon.

Maar die feit dat 90 miljoen mense in Afrika deel is van die sg. Moslemse wêreld het ten gevolg dat hierdie aansienlike deel van Afrika se bevolking kultureel en godsdienstig op Klein-Asië ingestel is en in groot mate met hul rug na Europa gekeer is. Vir die toekoms van Afrika is dit van buitengewone betekenis. Dit het ook in die afgelope dekade die brug gevorm waaroor 'n man soos president Nasser van Egipte groot dele van Afrika kon bereik met sy anti-koloniale of anti-imperialistiese politieke krete en doelstellings. Dat hy moontlik meer as enige ander indiwidu die anti-kolonialisme aangeblaas het, besef baie mense nie. Tog bly dit een van die belangrike feite van moderne Afrika. Ons is alte dikwels so toegespits op die rol van die Kommunisme t.o.v. die aanblaas van anti-Westerse of anti imperialistiese emosies in Afrika, dat ons die rol van 'n man soos Nasser en sy Afrika-bemoeiinge uit die oog verloor. Tog is sy rol van buitengewone betekenis en van die Suez-krisis en die Bandoeng-konferensie af tot vandag het hy veel gedoen om wat in Afrika sluimerend was, rooi-warm aan te blaas. Dit tref so dat sy primêr politieke rol en invloed ook die Islam *as godsdiens* in Afrika 'n reusestoot onder die inheemse bevolkings, altans in dele van Afrika, gegee het. In Afrika word *Arabier* en *Moslem* dikwels as sinonieme deur die inheemse bevolkings gesien. Op Egiptiese kaarte byvoorbeeld word Somalië nog steeds aangedui as deel van die Arabiese wêreld. Dat president Nasser onmiddellik vir homself 'n Afrikataak in terme van die *hele* Afrika gesien het, was vroeg reeds duidelik. Hy het vir homself twee hoofdoelwitte gestel: om Arabiese eenheid te herstel van die Atlantiese kus van Afrika af tot by die Persiese golf en om die nasionale

beweging van Afrika te lei „in sy stryd teen kolonialisme".

Die universiteit van Al-Ashar in Kairo wat meer as duisend jaar oud is, trek vandag duisende studente uit Afrika buite Egipte en selfs groot getalle ten suide van die Sahara. In 1960 reeds was daar in Kairo alleen meer as 4,000 studente uit Afrika buite Egipte. Vandag is daar baie meer.

Daar is oral in Arabiese Afrika 'n begeerte waarneembaar om nouer betrekkings met Swart Afrika op te bou.

President Nasser het natuurlik reeds groot teenslae beleef in sy pogings om die Arabiese wêreld te verenig. Die aard van sy Afrika-taak is egter makliker — hy kan hom alleen gewild maak in die huidige Afrika deur alles in sy vermoë te doen om die anti-kolonialistiese gevoelens aan te blaas en as die „groot broer" van die Afrikalande en -leiers op te tree. Indien hy op politieke gebied *meer* as dit sou waag of beplan, mag hy ook hier groot terugslae of weerstand teenkom. Maar as kampvegter vir die Afrikalande geniet hy groot aansien, al wil dit begin lyk asof Ben Bella hom na die kroon begin steek in dié opsig terwyl Nkrumah dit reeds lankal doen. Lg. het die voorsprong dat hy uit Swart Afrika is, hoewel hy uiters ongewild is in groot dele van Swart Afrika.

Maar namate Arabiese invloed in Afrika versprei, groei ook die Islam in krag. Verskeie Afrikalande soos Marokko en Somalië kondig in hul grondwette aan dat hul Moslemse lande is. Met die groei van die nasionale bewegings in Afrika in die loop van die twintigste eeu — en by name in Egipte en die Maghreb — het die Islam groter aanklank by die swart bevolkings van Afrika gevind. Die stemme uit Egipte wat die solidarisme van Egipte met die Afrikalande in hul verset teen imperialisme beklemtoon het, het sedert 1950 al sterker geword. So skryf die bekende Egiptiese joernalis Abbas Mahmond El-Akkad: „Die *Islam* het die oorgeërfde roeping om Afrika van die Imperialisme te bevry". *Hier is dit weer duidelik hoe maklik die Islamitiese godsdiens en Arabiese nasionalisme in dieselfde kleed verskyn.* Abdoel Nasser het t.g.v. die mislukking van die Suez-intervensie van 1956 sy groot kans gekry. Dat hy 'n redelike mate van sukses behaal het, ly weinig twyfel. Eeue lank was Egipte skaars bekend in Afrika buite die Nyldal. Vandag is dit heel anders. Hy het openlike verset in die Afrikalande aangemoedig met sy slagkreet dat die koloniale moondhede nie vertrou kon word nie en dat onafhanklikheid nie uit hulle hand ontvang moes word nie maar *gegryp* moes

word. Onlangs nog het hy na die Kongo-debakel verwys as illustrasie van wat gebeur „as 'n volk sy vryheid as geskenk" van 'n koloniale moondheid ontvang!

Met 'n mate van reg kon 'n Egiptiese ekspert oor internasionale sake nog onlangs beweer dat die Egiptiese opstand van 1952 'n keerpunt was in die geskiedenis van die hele Afrikaanse kontinent. Dit het sonder twyfel saam met die gebeure van 1956 vir die Afrika-nasionaliste gesuggereer dat die Blanke oorheerser nie onoorwinlik is nie. Die vreemde is natuurlik daarin geleë en hier moet ons Nasser se krag as propagandis erken, dat die Suez-krisis waarin hy maar swak gevaar het, deur hom omgesit is in 'n groot propaganda-oorwinning vir hom en vir Egipte.

Op nog 'n ander front werk Arabiese nasionalisme en die verspreiding van die Islam hand aan hand. In die meeste Moslemse lande het Arabies die aansien van die aristokratiese taal. Dit word derhalwe op skole geleer. En dis Egipte met sy surplus intellektueles wat die onderwysers in Arabies voorsien vir die ander Afrikastate waar daar 'n tekort is. So was die een hand die ander.

*Ek glo dat wat die Christelike kerk betref, sy heel grootste gevaar in Afrika geleë is in hierdie kombinasie van Arabiese nasionalisme en die Islamse geloof.*

Vir die gewone inboorling van Afrika kom die Islam anders as die Christendom voor as 'n Afro-Asiatiese godsdiens. Dit pas goed in by die politieke denkrigtings in die verband. Dit is teen hierdie agtergrond dat ons die posisie en vordering van die Islam in hierdie dekade kortliks wil bespreek.

### Die huidige godsdienstige verdeling in Afrika.

*Die huidige posisies van die Islam in Afrika en dié van die Christendom.*

Uit 'n Afrika-bevolking van 250 miljoen plus, is die verdeling in terme van die groot godsdienste min of meer soos volg:

(a) Die Islam ...... ...... ...... ...... ...... ...... 85 tot 90 miljoen
(b) Die Christendom ...... ...... ...... ...... ...... 45 tot 50 miljoen
(c) Die Animisme ...... ...... ...... ...... ...... ...... 100 miljoen plus

Die res is kleiner groepies wat ons buite rekening kan laat.

**Groeitempo.**

Wat die groeitempo betref, lei dit weinig twyfel dat sowel die Islam as die Christendom in die afgelope 25 jaar baie vinnig gegroei het. Maar veral gedurende die afgelope dekade het die tempo van die Islam verbasend versnel en het dit op die Christendom gewen. Laat ons maar versigtig wees met oorsese sensasie-berigte in dié verband, waarvolgens die Islam alles voor hom wegveeg. Dit is onsin. Maar die toestand is ernstig. 'n Groot kerklike kenner van die Islam in Afrika gee dit as sy oorwoë mening dat uit elke tien Animiste wat vandag in Afrika van godsdiens verander, minstens sewe Moslems word. Die ander drie word Christene. En al is hierdie berekening waarskynlik te veel gedoen op grond van gebeure in Wes-Afrika, waar die betrokke kenner woon en werk, gee dit ons tog diepe rede tot kommer. My eie waarnemings in Oos-, Noord- en Wes-Afrika laat my hierdie kommer deel. Die Islam vertoon ongetwyfeld groot lewenskragtigheid op die oomblik.

**Gunstige faktore.**

Watter faktore is op die oomblik gunstig vir die Islam in Afrika?

Die Islam loods nog steeds sy aanvalle op die Drie-eenheidsleer van die Christendom en stel dit voor as 'n Drie-Godeleer en die Kruisevangelie word verwerp en hoewel Christus as profeet erken word, word sy kruisdood ontken. Dit was altyd die Islam se belangrikste *teologiese* aanvalle op die Christendom. Maar vandag is daar 'n hele reeks nuwe faktore wat op die oomblik gunstig vir die Islam in Afrika is.

1. Die anti-Westerse en veral anti-kolonialistiese gees wat in Afrika vaardig is.
2. Die rol van manne soos Abdoel Nasser van Egipte wat as kampvegter vir die hele Afrika poseer.
3. Die draers van die Islam is in hoofsaak ook nie-blankes en hul lewenstandaard ens. baie nader aan dié van die Afrika-heiden as dié van die draers van die Christendom.
4. Die bevryding van die oorwegende Moslemse lande in en buite Afrika het ook vir die Islam in 'n *sielkundige* sin groot voordele gebring — 'n nuwe selfvertroue en aggressiviteit. („Islam the Constitution of God for the Whole World").

5. Die hele kwessie van poligamie en die familiestruktuur.
6. Die Islam is *post-* of *ná*-Christelik — die *finale* godsdiens.
7. Islamitiese sektes soos die Ahmadija is besig om in Afrika, veral Wes-Afrika, met heel moderne opvoedkundige en ook mediese dienste met die Christelike sending te kompeteer en terselfdertyd die beeld van die Islam asof dit „agteraf" is te verwyder. Hul is ook teen die poligamie gekant.
8. Die vrywording van oorwegend Moslemse lande in Afrika bring reeds die Christelike Sondag in die gedrang, en in sowel die Soedan as Somalië is Vrydag reeds die offisiële rusdag.
9. In hierdie selfde twee lande is die Christelike sending reeds óf streng ingeperk óf haas onmoontlik gemaak. So het Somalië reeds vroeg in 1964 hul grondwet so geamendeer dat oorgang van één godsdiens na 'n ander belet word, en aangesien „die Islam die Konstitusie van God vir die hele wêreld is", mag niemand pogings aanwend om mense van die Islam afvallig te maak nie.

Die Islamitiese nasionalisme mag in ander oorwegend Moslemse lande in Afrika al meer dieselfde paaie opgaan. Dit kan in die praktyk groot deure vir die Christelike kerk en sending in Afrika sluit.

In terme van die voortgang en uitbreiding van die Christelike kerk is die Islam 'n geweldige gevaar en 'n versperring sonder weerga.

Ek is net so bewus as enigiemand anders van die dodelike gevaar van daardie aartsvyand van die Christelike geloof, die godlose Kommunisme in Afrika, maar ons moet oppas dat ons in Suid-Afrika ons nie so blind daarteen staar dat ons die moontlik nog groter bedreiging van die Islam nie raaksien nie. Daar word in sekere kringe selfs gepraat of gevrees dat die Islam in hierdie tweede helfte van die twintigste eeu in die res van Afrika presies kan doen wat dit in die agtste eeu in Noord-Afrika gedoen het — die inboorling-bevolking van die hele kontinent kan wen — en dit op *vredevolle* wyse deur net sy kaarte reg te speel en van die baie ope deure op verskillende fronte gebruik te maak.

Ek aanvaar geensins hierdie siening nie. Maar daar is baie onrusbarende tekens: Gedurende die afgelope twintig jaar het die getal Moslems in Afrika waarskynlik verdubbel van 45 miljoen tot moontlik 90 miljoen. En hoewel die Christelike

kerk ook baie sterk gegroei het in hierdie selfde periode, was die groei van die Islam onrusbarend. In Noord-Nigerië, in Oeganda en dele van Tanzania en Kenia en in die Suid-Soedan veral, het Moslemse druk die afgelope jare kwaai toegeneem.

In 'n land soos Senegal, waar dit selfs dertig jaar gelede die gebruik was om die stoel waarop 'n Moslemse reisiger gesit het na sy vertrek uit 'n dorpie te verbrand, is die inwoners van daardie selfde dorpies vandag Moslems!

Maar daar is ook ander dorpies in Afrika — waar min of meer dieselfde van die draer van die Christendom gesê kan word.

Die ongekommitteerde 100 miljoen mense van Afrika suid van die groot woestyn, is vinnig besig om ingeskakel te word òf by die Islam òf by die Christelike kerk. Waar hul inskakel, is nie alleen van primêre betekenis vir die Christelike kerk nie maar ook vir die Westerse wêreld. Want as hul aangesig eenmaal godsdienstig na Arabië en die Nabye Ooste gekeer is, bepaal hierdie primêre binding ook al hul ander verhoudings.

Daar is ten opsigte van die geweldige groei van die Islam in Afrika ten minste één ligpunt — in ons stryd teen die ander groot bedreiging — die Kommunisme — sal die Islam myns insiens vir ons *in die breë* gesien, nie 'n teenstander nie maar eerder 'n vennoot wees, hoewel baie Islamitiese politieke opportuniste tot op sekere hoogte met die Kommuniste sal saamspeel en oordrewe nasionaliste uit die Moslemkamp vir wie die godsdiens ondergeskik is, baie ver met die Kommuniste mag saamgaan. Politieke alliansies met Kommunistiese lande mag selfs onder sekere omstandighede aan die orde van die dag wees. Maar vir die godsdienstige Moslem, net soos vir die Christen, kan daar op die duur niks anders as teenstand teen die Kommunisme wees nie.

Ben Marais.

Pretoria.
28 April 1965.